



BKB BEPERK

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer: 1998/012435/06)
("BKB" of "die Maatskappy")

DIREKSIE:

D C Louw (Voorsitter)[#]

W Edmayr (Besturende Direkteur)

G E J Kingwill (Ondervoorsitter)^{*#}

M H Jonas^{*#}

A S du Toit

C D Hobson^{*#}

E A Meyer^{*#}

V Pillay^{*#}

H C Staple^{*#}

H J Swart^{*#}

F P R van Wyk^{*#}

* *Onafhanklik*

Nie-uitvoerend

* *Onafhanklik*

Nie-uitvoerend

GEREGISTREERDE ADRES:

Grahamstadweg 61, Noordeinde
Port Elizabeth 6001
Oos-Kaap, Suid-Afrika

KENNISGEWING VAN VOORLEGGING VAN VOORGESTELDE BESLUIE AAN AANDEELHOUERS VIR AANNEMING INGEVOLGE ARTIKEL 60 VAN DIE MAATSKAPPYWET

Ingevolge artikel 60(1) van die Maatskappywet word hiermee aan Aandehouers kennis gegee van die Besluite (soos hieronder omskryf), om sodanige Besluite te oorweeg en, indien goedgevind, aan te neem.

Hierdie Kennisgewing word gestuur aan alle Aandehouers wat as sodanig in die sekuriteiteregister van die Maatskappy aangeteken staan op **Donderdag, 10 Januarie 2019**, synde die kennisgewing-rekorddatum wat deur die Direksie ingevolge die Maatskappywet vasgestel is om te bepaal watter Aandehouers geregtig is om kennisgewing van die Besluite te ontvang.

Indien u enigsins twyfel oor wat u te doen staan, tree asseblief onmiddellik in verbinding met die maatskappysekretaris, u prokureur of ander professionele adviseur.

Hierdie Kennisgewing is ook in Engels beskikbaar. Indien enige konflik bestaan tussen die Afrikaanse en Engelse weergawe van hierdie Kennisgewing, sal die Engelse weergawe voorrang geniet.

Datum: 14 Januarie 2019

DEEL I: OMSKRYWINGS

1. OMSKRYWINGS

In hierdie Kennisgewing, en in die aangehegte Vorm vir Uitoefening van Stemregte tensy anders aangedui, het die woorde in die eerste kolom, die betekenis wat in die tweede kolom daarteenoor gemeld word; sluit woorde wat die enkelvoud aandui die meervoud in en omgekeerd; sluit woorde wat een geslag aandui die ander geslag in, en sluit verwysings na 'n persoon verwysings na 'n regs persoon in en omgekeerd.

“4AX”	Africa Exchange Proprietary Limited (Registrasienuommer: 2013/031754/07), 'n privaat maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, behoorlik geregistreer en geïnkorporeer in ooreenstemming met die maatskappywette van Suid-Afrika en as 'n beurs gelisensieer ingevolge die Wet op Finansiële Markte, No. 19 van 2012, soos gewysig;
“4AX se Noteringsvereistes”	die noteringsvereistes van 4AX, insluitend die aanhangsels daarby, soos van tyd tot tyd gewysig
“Aandele”	gewone aandele in die aandeelkapitaal van BKB;
“Aandeelhouer”	die houër van 'n Aandeel;
“Akte van Oprigting”	die Akte van Oprigting, soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet;
“Algemene Jaarvergadering”	die algemene jaarvergadering van die Maatskappy, wat op Woensdag, 28 November 2018 om 15:00 in die BKB-gebou, Grahamstadweg 61, Port Elizabeth gehou is;
“Besluite”	die spesiale besluite wat voorgelê word vir aanneming deur Aandeelhouers, soos uiteengesit in hierdie Kennisgewing;
“BKB” of “Maatskappy”	BKB Beperk (Registrasienuommer: 1998/012434/06), 'n publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, behoorlik geregistreer en geïnkorporeer in ooreenstemming met die maatskappywette van Suid-Afrika;
“BKB-groep”	gesamentlik BKB en sy filiaalmaatskappye;
“Direksie”	die direksie van die Maatskappy ('n lys van die name van die individuele direkteure waaruit die Direksie bestaan, verskyn op die eerste bladsy van hierdie Kennisgewing);
“Kennisgewing”	hierdie kennisgewing ingevolge artikel 60(1) van die Maatskappywet aan Aandeelhouers, gedateer 14 Januarie 2019 , soos uiteengesit in hierdie dokument, insluitend die Vorm vir Uitoefening van Stemregte;
“Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering”	die kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering gedateer 26 Oktober 2018;
“Maatskappywet”	die Maatskappywet, No. 71 van 2008, soos gewysig;
“Sakedae”	enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of amptelik openbare vakansiedag in Suid-Afrika;
“Suid-Afrika”	die Republiek van Suid-Afrika;
“Verdaagde Algemene Jaarvergadering”	die verdaagde algemene jaarvergadering van die Maatskappy, wat op Woensdag, 13 Februarie 2019 om 15:00 in die BKB-gebou, Grahamstadweg 61, Port Elizabeth gehou word; en
“Vorm vir Uitoefening van Stemregte”	die vorm vir uitoefening van stemregte wat by hierdie Kennisgewing aangeheg is.

DEEL II: ADDISIONELE INLIGTING

2. AGTERGROND

- 2.1 Voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering gehou op 28 November 2018, het twee van die groot Aandeelhouers van die Maatskappy formeel hul volmagvorms ingedien om deel te neem aan en te stem oor die besluite wat by die Algemene Jaarvergadering oorweeg sal word. In hierdie volmagvorms het die betrokke Aandeelhouers hul gevolmagtigdes opdrag gegee om te stem teen, onder andere, die gewone besluit wat aan die Direksie magtiging verleen om Aandele uit te reik, die spesiale besluite wat aan die Direksie magtiging verleen om die Maatskappy toe te laat om finansiële bystand ingevolge artikels 44 en 45 van die Maatskappywet te verleen, en die spesiale besluit wat aan die Direksie magtiging verleen om ingevolge artikel 48 van die Maatskappywet Aandele terug te koop.
- 2.2 Aangesien die spesiale besluit wat aan die Direksie magtiging verleen om ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet finansiële bystand aan verwante en onderling verwante maatskappye van die Maatskappy te verleen ("**Artikel 45-besluit oor Finansiële Bystand**") van kardinale belang is vir die daaglikse werksaamhede van die Maatskappy en die BKB-groep, het die voorsitter van BKB, met die goedkeuring van Aandeelhouers by die Algemene Jaarvergadering, die oorweging van die Artikel 45-besluit oor Finansiële Bystand tot verdere kennisgewing verdaag. Hierdie uitstel het die uitwerking gehad dat die magtiging wat die Aandeelhouers by die Maatskappy se algemene jaarvergadering van 2017 aan die Direksie verleen het om finansiële bystand ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet te verleen, steeds van krag is, aangesien die magtiging verleen is vir 'n tweejaartydperk vanaf die datum van daardie algemene jaarvergadering.
- 2.3 Die Verdaagde Algemene Jaarvergadering is nou belê vir **Woensdag, 13 Februarie 2019** om 15:00, by welke vergadering die Artikel 45-besluit oor Finansiële Bystand aan Aandeelhouers voorgelê sal word om daaroor te stem.
- 2.4 Die Direksie is van mening dat die Maatskappy die betrokke algemene magtigings nodig het wat by die Algemene Jaarvergadering afgestem is. Hierdie Kennisgewing word aan Aandeelhouers gestuur sodat alle Aandeelhouers die Besluite kan oorweeg en daaroor kan stem. Die Besluite bestaan uit spesiale besluite soortgelyk aan dié wat by die Algemene Jaarvergadering afgestem is, en die Artikel 45-besluit oor Finansiële Bystand aan Aandeelhouers, met inagneming van die moontlikheid dat die Artikel 45-besluit oor Finansiële Bystand aan Aandeelhouers by die Verdaagde Algemene Jaarvergadering afgestem kan word. Die Direksie hoop om gunstige reaksies van alle Aandeelhouers te ontvang vir die aanneming van die Besluite.

3. VOORLEGGING INGEVOLGE ARTIKEL 60 VAN DIE MAATSKAPPYWET

Die Direksie het besluit om voor te stel dat die Besluite oorweeg word by wyse van skriftelike toestemming ingevolge artikel 60 van die Maatskappywet.

- 3.1 Artikel 60(1) van die Maatskappywet, saamgelees met die Maatskappy se Akte van Oprigting, bepaal dat 'n besluit waaroor daar by 'n aandeelhouersvergadering gestem kan word, in plaas daarvan vir oorweging voorgelê word aan die Aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen, en dat Aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen, skriftelik daaroor kan stem binne 20 Sakedae nadat die Besluite aan hulle voorgelê is.
- 3.2 Artikel 60(2) van die Maatskappywet, saamgelees met die Maatskappy se Akte van Oprigting, bepaal verder dat 'n besluit soos beoog in artikel 60(1) van die Maatskappywet aangeneem sal wees indien dit gesteun word deur persone wat daarop geregtig is om voldoende stemregte uit te oefen dat dit as 'n gewone of spesiale besluit aangeneem word, na gelang van die geval, by 'n behoorlik saamgestelde aandeelhouersvergadering, en dat sodanige besluit, indien dit aangeneem is, dieselfde uitwerking sal hê asof deur stemming by 'n vergadering goedgekeur is.

DEEL III: SPESIALE BESLUIE

1. SPESIALE BESLUIT 1: ALGEMENE MAGTIGING OM FINANSIËLE BYSTAND AAN VERWANTE EN ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPY EN KORPORASIES TE VERLEEN

BESLUIT DAT, onderhewig daaraan dat die Artikel 45-besluit oor Finansiële Bystand nie by die Verdaagde Algemene Jaarvergadering aangeneem word nie, die Direksie van die Maatskappy ingevolge artikel 45(3)(a)(ii) van die Maatskappywet hiermee gemagtig word, as 'n algemene magtiging wat vir 'n tydperk van twee jaar sal duur vanaf die datum van aanneming van hierdie spesiale besluit nommer 1, om die Maatskappy toe te laat om enige direkte of indirekte finansiële bystand (“**finansiële bystand**” het hierin die betekenis wat in artikel 45(1) van die Maatskappywet daaraan toegeskryf word) soos die Direksie goeddink, te verleen aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy (“**verwante**” en “**onderling verwante**” het hierin die betekenis wat in artikel 2 van die Maatskappywet daaraan toegeskryf word) en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of onderling verwante korporasies en/of aan enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappye of korporasies, volgens sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Direksie, of enige een of meer persone wat van tyd tot tyd deur die Direksie vir sodanige doel gemagtig word, goeddink, met dien verstande dat enige sodanige finansiële bystand nie in totaal 'n bedrag van R950 000 000 in enige finansiële jaar oorskry nie.

Adisionele inligting ten opsigte van spesiale besluit nommer 1

Die rede vir hierdie spesiale besluit is om aan die Direksie die gesag te verleen om die Maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of onderling verwante korporasies en/of aan enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappye of korporasies. In die omstandighede en om onder meer te verseker dat die Maatskappy se filiale en ander verwante en onderling verwante maatskappye en korporasies toegang het tot finansiering en/of finansiële bystand deur die Maatskappy (in plaas van slegs banke en ander derdeparty-finansiers), is dit nodig om hierdie goedkeuring by Aandeelhouders te verkry.

Indien die Maatskappy finansiële bystand aan sy filiaalmaatskappye verleen in die vorm van lenings, sal die Maatskappy se solvensie nie benadeel word nie, aangesien die Maatskappy 'n bate in sy boeke sal toon vir die ekwivalente bedrag wat dan deur daardie filiaal verskuldig is.

Kennisgewing aan Aandeelhouders ingevolge artikel 45(5) van die Maatskappywet, van 'n besluit aangeneem deur die Direksie wat die Maatskappy magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen.

- Teen die tyd dat hierdie Kennisgewing aan Aandeelhouders afgelewer word, sal die Direksie 'n besluit aangeneem het (“**Artikel 45 Direksiebesluit**”) wat die Maatskappy magtig om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die periode wat begin op die datum waarop spesiale besluit nommer 1 aangeneem word tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of onderling verwante korporasies en/of enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappye of korporasies te verleen, met dien verstande dat sodanige finansiële bystand nie in totaal in enige finansiële jaar 'n bedrag van R950 000 000 oorskry nie.
- Die Artikel 45 Direksiebesluit sal slegs van krag wees indien en in soverre spesiale besluit nommer 1 deur die Aandeelhouders aangeneem word en die verlening van enige sodanige direkte of indirekte finansiële bystand deur die Maatskappy, na aanleiding van sodanige besluit, sal altyd onderhewig wees daaraan dat die Direksie tevrede is dat: (i) onmiddellik na die verlening van sodanige finansiële bystand, die Maatskappy sal voldoen aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet; en (ii) die bepalings waarkragtens sodanige finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die Maatskappy is soos bedoel in artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet.
- In soverre die Artikel 45 Direksiebesluit beoog dat sodanige finansiële bystand altesaam meer as een tiende van een persent van die Maatskappy se netto waarde op die datum van aanneming van sodanige besluit sal bedra, gee die Maatskappy hiermee aan Aandeelhouders kennis van die Artikel 45 Direksiebesluit. Sodanige kennisgewing sal ook gegee word aan enige vakbond wat werknemers van die Maatskappy verteenwoordig.

2. SPESIALE BESLUIT 2: FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE INSKRYWING OP EN/OF KOOP VAN AANDELE IN DIE MAATSKAPPY OF 'N VERWANTE OF ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPY

BESLUIT DAT, ingevolge artikel 44(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, as 'n algemene goedkeuring, die Direksie hiermee gemagtig word om goed te keur dat die Maatskappy enige direkte of indirekte finansiële bystand (“**finansiële bystand**” het hierin die betekenis wat in artikel 44(1) van die Maatskappywet daaraan toegeskryf word) soos die Direksie goeddink, verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy (“**verwant**” of “**onderling verwant**” het hierin die betekenis wat in artikel 2 van die Maatskappywet daaraan toegeskryf word) en/of enige belegger of finansierder ten opsigte van enige sekuriteite in die Maatskappy of enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy, volgens die bepalings en voorwaardes en teen bedrae wat die Direksie kan bepaal vir die doeleindes van of in verband met die inskrywing op enige opsie, of enige aandele of sekuriteite, uitgereik of wat uitgereik staan te word deur die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of vir die koop van enige aandele of sekuriteite van die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, met dien verstande dat voormelde goedkeuring geldig bly tot die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy.

Addisionele inligting ten opsigte van spesiale besluit nummer 2

Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nummer 2 is om die Direksie te magtig, tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy, om finansiële bystand te verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy, en/of enige belegger of finansierder vir die doeleindes van of in verband met die inskrywing op of koop van opsies, aandele of ander sekuriteite in die Maatskappy of enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie. Dit beteken dat die Maatskappy onder meer gemagtig word om lenings aan sy filiale toe te staan en sekuriteit vir die skuld van sy filiale te waarborg en te verskaf waar enige sodanige finansiële bystand direk of indirek verband hou met 'n party wat opsies, aandele of sekuriteite in die Maatskappy of sy filiale verkry. Die Maatskappy sal ook gemagtig weer om finansiële bystand te verleen aan enige belegger wat aandele in die Maatskappy verkry en aan enige finansierder van sodanige belegger.

3. SPESIALE BESLUIT 3: TERUGKOOP VAN AANDELE DEUR BKB EN SY FILIALE

BESLUIT DAT, die Maatskappy en sy filiale hiermee gemagtig word, as 'n algemene magtiging, om enige van die Aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is terug te koop volgens sodanige bepalings en voorwaardes en teen sodanige bedrae as wat die Direksie van tyd tot tyd kan bepaal, maar onderhewig aan die bepalings van artikels 46 en 48 van die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en 4AX se Noteringsvereistes (in soverre dit van toepassing is – sien nota hier onder), onder meer insluitend dat:

- effektief vanaf die datum waarop die Maatskappy se Aandele op 4AX noteer is (“**4AX Noteringsdatum**”), indien van toepassing, die algemene terugkoop van die Aandele slegs deur die bestelboek wat deur die 4AX-verhandelingstelsel (in soverre dit van toepassing is van die Maatskappy) gebruik word, mag plaasvind en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en die teenparty;
- hierdie algemene magtiging slegs geldig is tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy, tensy dit by 'n algemene vergadering deur Aandeelhouders herroep en/of gewysig word;
- die algemene magtiging om terug te koop beperk word tot maksimum 5% in totaal, in enige enkele finansiële jaar, van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal op die tydstip wat die magtiging toegestaan word waar die terugkope deur die Maatskappy gedoen word, en beperk word tot maksimum 10% in totaal, in enige enkele finansiële jaar, van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal op die tydstip wat die magtiging toegestaan word waar die terugkope deur filiale van die Maatskappy gedoen word;
- 'n besluit deur die Direksie aangeneem is wat die terugkoop goedkeur, dat die BKB-groep die solvensie- en likiditeitstoets soos omskryf in die Maatskappywet geslaag het en dat daar, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, geen wesenlike veranderinge in die BKB-groep se finansiële posisie was nie;
- die algemene terugkoop deur die Akte van Oprigting van die Maatskappy gemagtig word;
- ter enige tyd voor die 4AX Noteringsdatum en met betrekking tot die prys waarteen 'n algemene terugkoop van Aandele geïmplementeer word (insluitend die wyse daarvan), het die direksie die nodige magtiging om sodanige prys te bepaal asook enige kontraktuele aangeleenthede vereis om effek te gee aan die terugkoop; en
- die Maatskappy op enige tydstip slegs een agent kan aanstel om 'n terugkoop/terugkope namens die Maatskappy aan te gaan.

Addisionele inligting ten opsigte van spesiale besluit nummer 3:

Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nummer 3 is om ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappye 4AX se Noteringsvereistes (in soverre dit van toepassing is) aan die Direksie 'n algemene magtiging te verleen vir die terugkoop deur die Maatskappy of deur 'n filiaal van die Maatskappy van Aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, op die grondslag wat in spesiale besluit nummer 3 weerspieël word.

Ingevolge artikel 48(2)(b)(i) van die Maatskappywet mag filiale nie meer as 10% in totaal van die getal uitgereikte aandele van 'n maatskappy besit nie.

Om twyfel uit die weg te ruim, sal 'n proporsionele terugkoop deur die Maatskappy vanaf al sy Aandeelhouders nie Aandeelhouer goedkeuring vereis nie, behalwe in soverre dit deur die Maatskappywet vereis word.

Nota in verband met verwysings na 4AX, 4AX se Noteringsvereistes en/of die 4AX-verhandelingstelsel:

In hierdie spesiale besluit nummer 3, waar daar na 4AX, 4AX se Noteringsvereistes en/of die 4AX-verhandelingstelsel verwys word, is hierdie verwysings slegs van toepassing met betrekking tot die magtiging wat toegestaan is, onderhewig aan die suksesvolle aanneming van hierdie besluit deur Aandeelhouders, met werking vanaf die datum waarop BKB sy Aandele regstreeks op die 4AX begin verhandel.

4. GOEDKEURINGS WAT VIR BESLUIE VEREIS WORD

Die Besluite vereis goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die Besluite, en is verder onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting van die Maatskappy.

5. VORM VIR UITOEFENING VAN STEMREGTE

'n Vorm vir Uitoefening van Stemregte is vir Aandeelhouders se gerief hierby aangeheg. Hierdie vorm kan ook op aanvraag by die Maatskappysekretaris by die Maatskappy se geregistreerde kantoor verkry word. Die voltooië Vorm vir Uitoefening van Stemregte moet ingedien, per e-pos of faks gestuur of gepos word om teen **Maandag, 18 Februarie 2019** (synde 'n tydperk binne 20 Sakedae na die datum van ontvangs hiervan soos beoog in paragraaf 6 hieronder) ontvang te word by enigeen van die volgende adresse (vir aandag: Die Maatskappysekretaris):

- die geregistreerde kantoor van die Maatskappy by Grahamstadweg 61, Noordeinde, Port Elizabeth, 6001 (of by Posbus 2002, Noordeinde, 6056);
- faks: 086 206 0051; of
- e-pos: jo.oosthuizen@bkb.co.za.

6. ALGEMEEN

Waar 'n Aandeelhouer hierdie Kennisgewing by wyse van 'n faks ontvang het, word sodanige Aandeelhouer geag hierdie dokumente te ontvang het op die datum en die tyd wat deur die faksontvanger aangeteken is, tensy daar onweerbare bewys is dat dit op 'n ander datum of 'n ander tyd afgelewer is.

Waar 'n Aandeelhouer hierdie Kennisgewing by wyse van elektroniese pos ontvang het, word sodanige Aandeelhouer geag hierdie dokumente te ontvang het op die datum en die tyd wat aangeteken is deur die rekenaar wat deur die sender gebruik is, tensy daar onweerbare bewys is dat dit op 'n ander datum of 'n ander tyd afgelewer is.

Waar 'n Aandeelhouer hierdie Kennisgewing per geregistreerde pos ontvang het, word sodanige Aandeelhouer geag hierdie dokumente te ontvang het op die 7de dag na die dag waarop die Kennisgewing of dokument gepos is soos aangeteken deur 'n poskantoor, tensy daar onweerbare bewys is dat dit op 'n ander dag afgelewer is.

Waar 'n Aandeelhouer hierdie Kennisgewing per hand ontvang het in die geval van 'n natuurlike persoon, of in die geval van 'n maatskappy of beslote korporasie per hand aan 'n verantwoordelike werknemer by sy geregistreerde kantoor of sy hoofkantoor in Suid-Afrika, word sodanige Aandeelhouer geag hierdie dokumente te ontvang het op die datum en die tyd wat aangeteken is op die ontvangsbewys, tensy daar onweerbare bewys is dat dit op 'n ander datum of 'n ander tyd afgelewer is.

'n Besluit word geag aangeneem te wees op die dag waarop die Maatskappy die skriftelike stemme ontvang het van die Aandeelhouer wie se stem daartoe lei dat die Besluit deur genoeg stemme vir die aanneming daarvan ondersteun word, ongeag enige stemme wat daarna ontvang word.

Op las van die Direksie.

J OOSTHUIZEN (MEV)

Maatskappysekretaris

Port Elizabeth

14 Januarie 2019



BKB BEPERK

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienuommer: 1998/012435/06)

("BKB" of "die Maatskappy")

VORM VIR UITOEFENING VAN STEMREGTE

Woorde of uitdrukkings met hoofletters in hierdie vorm het dieselfde betekenis as wat daaraan toegeskryf word in die Kennisgewing aan Aandeelhouers waarby hierdie vorm aangeheg is.

Hierdie Vorm vir Uitoefening van Stemregte is slegs vir gebruik deur geregistreeerde Aandeelhouers in die Maatskappy se sekuriteitsregister soos op die rekorddatum van die stemming, naamlik Donderdag, 10 Januarie 2019, welke Aandeelhouers geregtig is om stemregte ten opsigte van die Besluite uit te oefen.

Ek/Ons (name in drukskrif) _____ Lidnommer _____

van _____ (adres)

as die houers van _____ Aandele in die Maatskappy

(sien opdrag 1 op keersy)

oefen hiermee soos volg die stemregte uit wat aan my/ons Aandele verbonde is:

		Merk met 'n "x" in die ruimte hieronder		
		Ten gunste van	Teen	Buite stemming
Spesiale Besluit 1	Algemene magtiging om finansiële bystand aan verwante en onderling verwante maatskappye en korporasies te verleen			
Spesiale Besluit 2	Finansiële bystand vir die inskrywing op en/of koop van aandele in die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy			
Spesiale Besluit 3	Terugkoop van Aandele deur BKB en sy filiale			

Geteken te _____ op _____ 2019.

Handtekening(e) _____

Deur my bygestaan (waar van toepassing) _____

Lees asseblief die aantekeninge en opdragte op die keersy.

AANTEKENINGE EN OPDRAGTE MET ONDERTEKENING EN INDIENING VAN VORM VIR UITOEFENING VAN STEMREGTE

1. Slegs Aandeelhouders wat in die sekuriteiteregister van die Maatskappy as geregistreer verskyn op die datum waarop Aandeelhouders as sodanig aangeteken moet wees in die sekuriteiteregister wat deur die Maatskappy gehou word, naamlik **Donderdag, 10 Januarie 2019 ("Rekorddatum vir Stemming")**, mag 'n Vorm vir Uitoefening van Stemregte invul.
2. Enige wysigings of regstellings op hierdie Vorm vir Uitoefening van Stemregte moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word. 'n Deurhaling van enige gedrukte teks en die invul van 'n oop ruimte(s) hoef nie geparafeer te word nie.
3. 'n Aandeelhouer se uitoefening van stemregte oor die Besluite moet aangedui word deur kruisies wat die betrokke Aandeelhouer in die toepaslike ruimtes op die keersy aanbring. Versuim om dit te doen, kan meebring dat die Maatskappysekretaris sodanige Vorm vir Uitoefening van Stemregte ignoreer. 'n Aandeelhouer is nie verplig om al die stemregte wat hy/sy kan uitoefen te gebruik nie, maar die totale getal stemme uitgebring, of dié ten opsigte waarvan aangeteken is dat daar buite stemming gebly is, mag nie meer wees as die totale getal stemme wat deur die Aandeelhouer uitgeoefen kan word nie.
4. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die relevante dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bevestig, voorgelê word aan of geregistreer is deur die Maatskappysekretaris.
5. Om geldig te wees, moet die voltooide Vorm vir Uitoefening van Stemregte gelewer of per pos, e-pos of faks gestuur word aan die Maatskappysekretaris by Grahamstadweg 61, Nooreinde, Port Elizabeth, 6001 of Posbus 2002, Noordeinde, 6056 (faksnommer 086 206 0051; e-pos jo.oosthuizen@bkb.co.za), om deur haar ontvang te word nie later nie as **Maandag, 18 Februarie 2019**.
6. Dokumentêre bewys ter bevestiging van die magtiging van 'n persoon wat hierdie Vorm vir Uitoefening van Stemregte in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by hierdie Vorm vir Uitoefening van Stemregte aangeheg wees, tensy dit voorheen deur die Maatskappysekretaris aangeteken of deur die Voorsitter van die Direksie kwytskeld is.
7. Die Voorsitter van die Direksie kan enige Vorm vir Uitoefening van Stemregte wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge of opdragte ingevul is nie, verwerp of aanvaar, met dien verstande dat hy tevrede is met die manier waarop 'n Aandeelhouer sy/haar stemregte uitgeoefen het.